

Woensdag Brief 3 Junie 2020

Gegroet vanuit die pastorie

Die doel van die plasing van 'n Woensdag Brief is om verskillende menings en idees in 'n groter ruimte te plaas vir gesprekvoering en nadenke. Weereens nooi ek enige persoon uit wat 'n bydrae wil maak om dit vir my te epos ([bronkhorst.jan@gmail.com](mailto:bronkhorst.jan@gmail.com)). Dit kan enige onderwerp aanspreek, mag krities wees en nie meer as twee A4 bladsye nie. Tot dusvêr het ek self al die bydraes gelewer en wel van verskillende hoeke soos persoonlike beleving, algemene menings en sommer net as lekkerlees brief om voorbeelde voor te hou..

Hierdie week se brief hanteer byvoorbeeld insigte oor dominee-wees binne 'n nuwe beleving-ruimte. In hierdie stuk haal ek ter agtergrond letterlik en vrylik aan van verskeie bronne soos boeke en artikels in nuusmedia e.d.m. In die boek *Biografie van de dominee* van Gerben Heitink deel hy die oortuiging dat "De dominee van weleer is voor een groot deel voorbij gegaan." Met die dominee van weleer bedoel hy die geestelike leier wat die sweep klap en mense laat verstaan hoe sondig hulle is, die dominee wat maklik voorskryf wat reg en verkeerd is, die dominee wat 'n werklikheidsvreemde en vroom taal praat en oor alles baie seker is. Al is sulke bedienaars van die Woord deesdae nie meer volop nie, is daar steeds gelowiges wat die soort geestelike leiding verkies. Die klem in sulke geloofsruimtes is op gehoorsaamheid.

Daar is wel 'n nuwe soort van dominee wat die ou-dominee-kleed neergelê het en nuut dink oor hulle rol. Heitink praat daarvan as 'n nuwe vitale amp. Hulle het nie antwoorde op alles nie, maar hulle maak erns met hulle taak om die antieke teks van die Bybel op 'n relevante wyse met mense te deel en saam te soek na die egte uitlewing daarvan. Hulle sien hulle self nie as mense wat vanaf die kansel, van bo af, die waarheid af-kondig nie. Hulle wil eerder saam met ander soek na die waarheid vir ons tyd. Hulle sien die gesag van die Bybel as 'n oorredende gesag en dreig niemand met die waarheid nie. Hierdie benadering is vir sommige gelowiges vreemd, maar wel gewild in byvoorbeeld voorstedelike gemeentes. Die klem hier is op persoonlike oortuiging.

Daar is ook nog 'n ander soort van geestelike leiding waar nie net nader aan mense se behoeftes met die 'n relevante metodiek van Skrif-interpretasie uitspeel nie, maar waar dit gaan oor 'n nuwe verstaanmodel van realiteit en die rol van 'n meerdere wesenlikheid daarin. Hierdie geestelike voorgangers plaas die klem op die doel van die werklikheid soos afgelei kan word van nuwe insigte van hoe realiteit uitspeel. Daar is bykans geen geordende geloofsgemeenskappe wat vanuit die insigte groepeer nie, maar die tendense kom al meer na vore in Skrifinterpretasie. Hierdie benadering plaas die klem op die mens se algemene doel in sy leefruimte met die fokus op 'n ontwikkelende realiteit.

Tony Morgan, die Hoof Strategiese Beampte en stigter van *The Unstuck Group* sê hy sien op die oomblik twee soorte kerkleiers. Die een soort kerkleier wag net dat dinge meer en weer na normaal terugkeer, sodat ons weer kerk toe kan gaan soos ons altyd kerk toe gegaan het. Die tweede soort kerkleier is nie so besorg oor wanneer alles weer soos normaal sal aangaan nie, want hulle besef wat ons tans beleef, soos onder die corona-pandemie, lei na 'n nuwe soort van normaal. Hulle is gereed om nou veranderinge aan te bring. Veranderinge soos:

- **Van analoog na digitaal:** Digitale bediening is hier om te bly; gemeentes sal moet beseef dit is nou die primêre platform wat die volle spektrum van kerkwees beïnvloed, nie net die Sondag Boodskap nie – sê Tony Morgan vir ons.
- **Van onderrig tot toerusting:** Lidmate moet begelei word van 'n denksisteem van absorbering van lering-inhoud na 'n persoonlike betrokkenheid om die evangelie te leef.
- **Van byeenkomste na verbintnisse (verhoudings):** Klem verskuif van bywoning van bv. eredienste en ander byeenkomste om die kalender vol te maak na vriendskappe en gemeenskapsverbintnisse.
- **Van globaal na plaaslik:** Gemeentebetrokkenheid hoort tuis veel eerder as vêr weg met die fokus op dienswerk in gemeenskap in samesyn met hulp-organisasies betrokke te wees t.o.v. basiese behoefte soos opleiding en opvoeding e.d.m. op plaaslike vlak.
- **Van kompleksiteit na eenvoud:** Meer doen en meer komplekse stelsels van bestuur is 'n teken dat die geloofsgemeenskap agteruitgaan. Gemeentes het dikwels te veel onnodige aksies en moet eerder poog om die regte dinge te doen eerder as om dinge reg te wil doen.

Die laaste aspek waarvoor nagedink word, is geestelike leierskap in 'n nuwe soort gemeenteweese. Die kerk in sy geheel is besig om oop te val in baie klein gemeentes in die platteland en min groot gemeentes wat in en om voorstedelike areas anker. Klein gemeentes kan al hoe meer nie meer 'n voltydse predikant bekostig nie en groter gemeentes het weer drie of meer predikante. Verskillende leiers is nodig om by die verskillende omstandighede in te slot. Die spieëlbeeld hiervan dui op verskillende bedieningspraktyke. Elektroniese platforms maak dit maklik om uitstekende digitale boodskappe te vind wat Sondae tuis of selfs in die kerk geluister kan word. Lidmate met die gawes en talente en bietjie opleiding en ervaring kan heel skaftlik die ander take wat dikwels alleen met predikante assosieer word, heel suksesvol uit te voer.

Daar is wel 'n paar aspekte wat elke gemeente benodig wat leierskap vra en nie deleger kan word of via die elektroniese informatiewe platforms verskaf kan word nie soos byvoorbeeld die leier as visie-draer, spirituele rigtingwyser, lewens-toeruster en atmosfeer-bindende faktor. Gemeentes sonder hierdie insprake neig om in beheer-groepe uitmekaar te spat of om eenvoudig net te begin wegwyn. Die vraag is dus nie of 'n dominee benodig word nie, maar hoe om so 'n posisie te bekostig in kleiner gemeentes. Daar is vele oplossings en moontlikhede. Soos dikwels sal die praktyk hierdie uitdaging waarskynlik uitwurg volgens die graad van nood. Meeste kleiner gemeentes sit tans in hierdie uitdaging tussen die boom en bas van om terug te wens na soos dit was in die ou tyd, of om vorentoe te beur met hoopvolle vertroue.

Wat mens nou natuurlik bring die vraag by Calitzdorp se NG Gemeente – hoe nou?

Ek groet tot 'n volgende keer.